Wat mans vir mans moet bid

So dikwels sien ons vrouens vir ons as mans bid, maar dit is tyd dat ons as mans vir mekaar moet begin bid. God is ongetwyfeld besig om iets onder die mans in ons land te doen. Ek verwys na Angus Buchan se *Mighty Men* konferensies, die Daniël konferensies wat by Moreletapark aangebied word, die kleiner Daniël konferensies wat oral in die land aangebied word, asook die talle netwerke, aksies en gemeentes wat mannekampe aanbied. Letterlik honderde duisende mans word elke jaar so bereik en die verhale wat hieruit na vore kom is verstommend. Ek wil graag *elke* man aanmoedig om na die film *Fireproof* te gaan kyk en die boek *The Love Dare* te lees en dit toe te pas. God is besig met 'n herstelproses onder die mans in ons land, kom ons bid as mans vir ons manne.

1. Bid dat mans terug sal keer na die verbond wat hulle voor God met hulle vrouens gemaak het en daardie huweliksbelofte getrou sal uitleef.

2. Bid dat mans hulle vrouens met respek sal behandel en hulle só lief sal hê dat hulle selfs bereid sal wees om vir hulle te sterf soos wat Christus bereid was om vir die Kerk te sterf. (**Ef.5:25**).

3. Bid dat mans hulle plek as priesters in die huis sal inneem en vir hulle vrouens en kinders sal bid – asof hulle die enigste persoon is wat vir hulle vrouens en kinders bid. Dat mans nie langer verskonings sal maak oor waarom hulle nie vir hulle vrouens en kinders kan bid nie (nie tyd het nie, nie weet hoe nie, ens.).

4. Bid vir mans om met integriteit en eties in hulle werkplekke op te tree. Vra dat hulle alle praktyke wat nie met die Woord van God strook nie, sal laat staan en dat hulle vir God sal kies, ongeag die konsekwensies.

5. Bid dat mans oral, op elke plek "heilige hande sal ophef", op elke plek sal bid. (**1 Tim.2:8**). Dit is die wil van God. Vra dat mans in gemeentes en in hulle werksplekke gebedsgroepe sal begin om vir die gemeente, hulle werksplek en die land in te tree.

6. Bid vir die redding van honderde duisende mans van alle bevolkingsgroepe in ons land. Begin om die name van 3-5 manne neer te skryf en vir hulle redding te bid. Volhard hiermee, moenie na 'n week of 'n paar maande ophou nie. Volhard. Pleit by God vir hierdie manne se redding asof jy vir jou eie redding pleit.

7. Wanneer jy bid, maak seker dat daar nie bitterheid teenoor jou vrou, kinders of mense by jou werksplek is nie. Jy kan nie met 'n hart vol oordeel en bitterheid bid nie. Vra God om vir jou geloof te gee – geloof kom deur die lees van die Woord en die bid van God se beloftes. (**Rom.10:17**).

8. Bid volhardend. Moenie sporadies los en vas bid nie. Bid met jou hart en gereeld. Vra die Heilige Gees om jou gedurigdeur te herinner. *Die vurige gebed van 'n regverdige het 'n kragtige uitwerking.* Onthou: Elia was 'n mens *net soos ons*, hy het gebid en God het buitengewone wonders gedoen. (**Jak.5:16-18**).

9. Bid vir meer mans om hulle beskikbaar te stel om na die sendingvelde van die wêreld te gaan en die evangelie na die onbereiktes in ander lande te neem. Meer as 1,9 biljoen mense word vandag as onbereiktes gesien.